**MEDIA RELEASE**
**BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)**

**12 July 2010**

**CDP on aftermath of WSC**

"We congratulate Spain for winning the Soccer World Cup and the Netherlands for being worthy runners' up." So says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA).

"We are thrilled by reports that crime has apparently dropped during the tournament, and will be overjoyed if this can be maintained and even, especially as far as violent crime, be brought in line with acceptable international norms. We caution against post euphoria depression as this can be as damaging to the country's stretched economy as adverse economic conditions themselves. Unfortunately, with the latest incident in Bloemfontein, where the shop of a Bangladeshi was torched, fears of a renewed xenophobia break-out, seems more likely than the government is prepared to admit."

"Unfortunately it seems as though government also used the euphoria in the country, to redeploy some of its cadres who had proved to be unsuited for the work they were deployed in. Similarly, tax payers' money has been used to buy more than a R100 million WSC tickets, with the Bloemfontein based Mangaung Council losing all sight of reality."

"ANC spokespeople such as Gwede Mantashe and Blade Nzimande, both communists, have aired their views on the introduction of a media tribunal, and this also could not have come at a worse time. This plea for a clamp down on democratic freedoms by the communists coincided with the red carpet being rolled out for Robert Mugabe and the king of Swaziland."

"We also find it tragic that some of the pleas for an African display and support for Ghana were tarnished by obvious racism. We would rather like to see that the World Soccer Cup's energy be channelled into positive attributes such as rooting out crime, dealing with the corruption which underlies the mentality of using tax payer's money to buy WSC tickets, focussing on quality and building a clean South Africa of which we can all be proud."

**CDP oor die afloop van die wêrelbekersokkertoernooi**

"Ons wens Spanje geluk met die verowering van die wêreldsokkerbeker en vir Nederland wat as waardige naaswenners uit die stryd getree het." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDP).

"Ons is verheug oor berigte dat misdaad skynbaar vir die duur van die toernooi afgeneem het, en sal nog blyer wees as dit volgehou kan word en veral as geweldsmisdaad binne aanvaarbare wêreldnorme afgebring kan word."

"Ons maan teen post-euforiese depressie aangesien dit net so nadelig vir die land se ekonomie kan wees as die faktore wat die ekonomie in ieder geval onder druk plaas. Ongelukkig, met die jongste voorval in Bloemfontein waar 'n Bangladesji se winkel aan die brand gesteek is, lyk dit of daar meer in die vrese oor hervatte xenofobiese aanvalle kan steek as wat die regering wil toegee."

"Ongelukkig lyk dit of die regering ook die euforie gebruik het om 'n paar bedenklike kader-herontplooiings te doen van mense wat reeds bewys het hulle deug nie in die betrokke werksomgewing nie. In 'n soortgelyke trant is belastingbetalersgeld gebruik om meer as R100 miljoen se kaartjies vir die toernooi aan te skaf, met veral die Mangaung-raad van Bloemfontein wat greep op die werklikheid verloor het. "

“ANC-woordvoerders soos Gwede Mantashe en Blade Nzimande, beide kommuniste, se uitsprake oor ‘n mediatribunaal kon nie op ‘n slegter tyd gekom het nie. Hierdie pleidooie deur kommuniste vir die inkorting van demokratiese regte het saamgeval met die uitrol van die rooi tapyt vir despote soos Robert Mugabe en die koning van Swaziland.”

“Ons vind dit ook jammer dat sommige van die oproepe vir ‘n Afrika-voorstelling en steun vir Ghana deur onverbloemde rassisme besoedel is. Ons sal graag wou sien dat die toernooi-energie tot voordeel gekanaliseer word soos om misdaad uit te roei, wat die mentaliteit om kaartjies met belastingbetalersgeld aan te koop insluit, dat op gehalte gefokus word en dat ‘n skoon Suid-Afrika gebou word waarop ons almal trots kan wees.”